

Sing vooraf staande: Psalm 69:12, 14 (p. 345)

- 12 Al is ek, HEER, in pyn en nood, / ú hulp sal soos 'n skild verrys!
Daarvoor bring ek U lof en prys, / ek maak U in my danklied groot.
Dit sal die HERE allermees / as offer welgevallig wees.
- 14 Laat aarde en hemel Hom dan prys, / die see en al wat dit deursweef!
Want God sal Sion laat herleef, / en Juda's stede sal herrys.
Dan vind Gods volk 'n erfdeel weer / en wonings wie sy Naam vereer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 135:1, 2 (p. 655)

- 1 Prys die Naam van onse HEER! / Hef tesaam die lofsang aan!
Loof sy goedheid, gee Hom eer, / al wie in sy voorhof staan!
Loof Hom by die heugenis / van sy Naam wat lieflik is.
- 2 Loof die HEER se goedheid luid, / al wie in sy voorhof kom!
Want Hy kies vir Jakob uit, / Is'rel tot sy eiendom.
Bo al wat die mens vereer – / groot, dit weet ek, is die HEER.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 63:1 (p. 307)

- 1 My God, wat tog my lewe is, / hoe smag my hart as 'k U moet mis!
Ek soek U, HEER, terwyl ek kwyn / in sielsverlatenheid en pyn.
Ek smag soos alles hier om my / waar 'k swerf in wilde woesteny,
'n dor en uitgedroogde land / waarop die son se vlamme brand.

Gebed

Psalm 36:2, 3 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.
- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die eewge son / wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bouse hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwel!
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Skriflesing: Rut 1

Kernverse: Rut 1:16-17, 22

Maar Rut sê: Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God. Waar u sterwe, sal ek sterwe en daar begrawe word! Mag die HERE so aan my doen en so daaraan toedoen—net die dood sal skeiding maak tussen my en u. So het Naómi dan teruggekeer en Rut, die Moabitiese, haar skoondogter wat saam met haar uit die veld van Moab teruggekom het; en hulle het in Betlehem gekom in die begin van die gars-oes.

(Rut 1:16-17, 22 AFR1953)

Tema: Die Here maak leeg om oorlopens toe vol te maak

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die lewe wat die Here aan ons gegee het, is vol interessante en verrassende draaie. Soms kronkel 'n mens se lewe op plekke waar jy nooit gedink het jy sal beland nie. En dan wonder jy waarvoor die Here jou nou eintlik hier laat uitkom het. Oor die hoekom jy hier uitgekom het, kan jy op 'n manier navolg in jou eie keuses. Sommige van die keuses was miskien goed, maar oor baie daarvan skaam jy jou, want dit was nie sulke eerbare of wyse keuses nie.

In die geskiedenis van die Here met Naomi en Rut sien ons ook hierdie interessante en onbegryplike draaie van die lewe raak. Die boek begin met hierdie woorde: **En in die dae toe die rigters geregeer het, was daar hongersnood in die land; daarom het 'n man uit Betlehem-Juda weggetrek om as vreemdeling te vertoef in die veld van Moab, hy en sy vrou en sy twee seuns.**

Wanneer 'n mens die boek Rigters deurlees, kom 'n mens agter hoe onverkwiklik dit was in die tyd toe die rigters geregeer het. Dit was 'n tyd van afvalligheid, so eindig die boek Rigters: **elkeen het gedoen wat reg is in sy oë.** Trouens, dit is woorde wat soos 'n refrein deur die boek Rigters weerklink. En by hierdie hardkoppige en eiewillige lewenstyl van die Israeliete het die Here ook nog 'n hongersnood in die land beskik. Hoe ironies, dit gebeur in die land wat oorloop van melk en heuning. Dit het nie sommer net gebeur nie. Die hongersnood was deel van die Here se sewevoudige tugtiging oor sy volk wat eenvoudig nie na Hom wou luister nie (Lev 26:18-21).

Die hongersnood was so erg, skryf die Heilige Gees, dat 'n man, dit is Elimeleg, saam met sy vrou en twee seuns uit Betlehem padgee na Moab toe om daar as vreemdelinge te gaan woon. Van Betlehem het ons vandag 'n romantiese prentjie, want ons Verlosser, Jesus, is daar gebore. Ons prentjie is nie verkeerd nie, maar die geskiedenis van Rut is nog nie daar nie. Dit is nog op pad soheentoe. Betlehem was 'n rowwe plek in die tyd van die rigters. Ons weet van twee donker vlekke in hierdie dorpie se geskiedenis. Daar het 'n Leviet uit hierdie dorpie gekom wat afgodery bedryf het. En daar het 'n byvrou van 'n Leviet uit hierdie dorpie gekom wat gehoereer het. Betlehem was 'n dorpie met snaakse inwoners. En nou het die Here dit beskik dat daar in die huis van brood – dit is wat *Betlehem* beteken – hongersnood is. Die Here het Betlehem leeggemaak.

Die toestand in Israel was so erg dat Elimeleg blykbaar nie eers meer omgee het om uit die belofde uit na die heidense Moab te trek nie. Dit lyk asof dit nie meer vir hom saakgemaak het waar hy hom bevind nie, solank hy net kos vir hom en sy gesin kon kry. Die vermoë om aan die Here se beloftes vas te hou het by Elimeleg verdwyn. Geestelik was hierdie mense in 'n verskriklike toestand.

Wat aanvanklik na nie 'n te slegte besluit gelyk het nie, het spoedig in hartseer verander. Elimeleg het gesterf. Die Here het Naomi se lewe nog meer leeggemaak. Broers, susters en kinders, ons weet dat weduwees in Israel dit nie maklik gehad het nie. Dit was 'n manswêreld. Vrouens se doel destyds was om kinders te hê, sodat daar 'n nageslag kon wees. Vrouens het nie regte gehad nie. 'n Vrou het net betekenis gehad as sy getroud was en kinders gehad het. Naomi het 'n weduwee in Moab geword. Dit is sleg, maar dit is nog nie benard nie. Sy het nog twee seuns gehad.

Naomi se twee seuns het toe ook, so kan ons aflei, nie sulke wyse besluite gemaak nie. Hulle het met twee Moabitiese vroue getrou – Orpa en Rut. Die geestelike verval in hierdie huisgesin was so erg dat hulle nie eers meer daaraan gedink het om vroue uit Israel vir hulle te neem soos die Here dit beveel het nie. En toe maak die Here die lewe van Naomi en haar twee skoondogters nog meer leeg. Albei Naomi se seuns het gesterf.

Naomi het seker in hierdie stadium oor hulle besluite nagedink. Seker ook by haarself gedink: Pleks ons maar daar gebly het. Pleks my seuns nie getrou het nie. Nou is ons drie weduwees. Is jy miskien ook op 'n plek in jou lewe waar jy baie maal sê: Pleks ek maar eerder so gemaak het en nie sus nie? Het jou lewe ook leeg geword oor 'n klomp dinge wat jy gedoen of besluit het, of oor dinge wat met jou gebeur het? Broer, suster en kind, as jy so leeggemaak is en dit voel of jy nou maar kan boedel oorgee, wag net. Luister watter groot genade die Here deur sy Gees ook aan jou wil gee.

Die Here het vir Naomi teruggebring na die beloofde land toe. Sy het dit tóé nie so beleef nie, natuurlik nie, want vir haar het alles net donker gelyk. Sy sal maar eerder as weduwee in haar eie land gaan aansukkel as om 'n vreemdeling en 'n weduwee te wees in Moab. Die Here het Naomi teruggebring deur die berig dat daar weer brood was vir die mense in Israel. Die Here het beskik dat daar weer oeste in die beloofde land was na die droogte, so staan dit geskryf, maar vir Naomi was die goedheid van die Here iets waaraan sy nie meer deel het nie.

Orpa en Rut het saam met haar vertrek. Op pad na haar eie land toe het Naomi haar skoondogters aanbeveel om eerder in hulle land te bly en na hulle huise terug te keer. Uit ordentlikheid wens sy hulle die seën van die Here toe, naamlik **mag die HERE aan julle guns bewys soos julle aan die dode en aan my bewys het**. Ons moet mooi hoor hoe Naomi dit sê. Vir haar is dit nie die Here wat deur haar skoondogters aan haar guns bewys het nie. Sy sien dit sommer net so plat. Sy erken die skoondogters se trou aan haar, maar nie die Here se trou aan haar nie. En dan noem sy haar seuns wat gesterf het eerste en dan haarself. Naomi reken haarself al as een wat dood is. Sy sien geen hoop meer nie.

Naomi se eie verhouding met die lewende God het so vervaag dat sy nie eers kans sien om haar skoondogters in die gemeente van die Here te ontvang nie. Sy sê: **Mag die HERE gee dat julle 'n rusplek vind, elkeen in die huis van haar man**. Wanneer 'n mens Jesus se woorde onthou, besef 'n mens hoe 'n dwase ding Naomi kwytgeraak het. Jesus sê: **Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee**. Watter soort rus kan 'n mens kry in Moab? Watter rus kan afgode jou gee? Niks nie! Maar Naomi se lewe is in so 'n warboel dat sy meen die Here sal rus aan haar skoondogters gee in 'n land en tussen mense wat Hom nie wil ken nie.

Toe die skoondogters vir haar sê dat hulle eerder met haar wil saamgaan as om in hulle eie land te bly, begin Naomi met 'n verbitterde gespot van haarself. **Het ek nog seuns in my liggaam, dat hulle julle mans kan word?** En dan gaan sy verder deur sarkasties op te merk dat al behoort sy daardie nag nog aan 'n man en bring sy seuns in die wêreld, sal Orpa en Rut nie so lank kan wag om met hulle te trou nie. En onderliggend aan al hierdie spottende verwysing na haarself weergalm haar verbitterdheid teenoor die Here: **dit is vir my baie swaarder as vir julle dat die hand van die HERE teen my uitgestrek is**. Naomi het nog in die Here geglo, maar vir haar beskik Hy net die kwade en nie meer die goeie nie, dink sy.

Orpa het toe die bly in Moab en die weggaan saam met Naomi teen mekaar opgeweeg en haar besluit gemaak. Sy sou maar eerder bly. Die toekoms saam met Naomi en dit nog as 'n heidense vreemdeling en 'n weduwee in die land van Here van die hemel lyk vir haar gans te donker. Menslik gesien, was dit 'n logiese keuse, geliefdes.

Maar wat moet ons dan van Rut sê? Wat het gemaak dat sy anders besluit het? Wat het veroorsaak dat sy hierdie uiters dwase advies om na haar gode terug te keer, nie gevolg het nie? 'n Mens staan eintlik verstom oor Naomi se advies. Kan 'n mens se verhouding met die lewende God so vervaag dat jy mense weg van Hom af na duiwels toe stuur?

Geliefdes, Rut het die oënskynlike gevolge van die keuse om met Naomi saam te gaan, geheel en al geïgnoreer. En sy het gesê:

Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God. Waar u sterwe, sal ek sterwe en daar begrawe word! Mag die HERE so aan my doen en so daaraan toedoen—net die dood sal skeiding maak tussen my en u.
(Rut 1:16, 17 AFR1953)

Ja, die lewe sou vir Rut as 'n vreemdeling in Israel beslis nie maklik wees nie. En wie sou sommer met 'n weduwee uit Moab trou? Rut het beslis nie 'n rooskleurige toekoms verwag nie. Sy sou waarskynlik haar dae slyt deur vir haar bejaarde skoonma te sorg. Was dit dan goeie waardes wat haar gedryf het om saam met Naomi te gaan? Nee, dit was nie dit nie. Ons moet mooi raaksien: Rut noem die Here op sy verbondsnaam *HERE*. Sy het God ontmoet in sy troue verbondsliefde. En Hy is haar God en *HERE*. Dit is nie oor Naomi nie, maar oor die Here dat Rut gekies het om saam te gaan.

Rut was ook leeggemaak deur die Here. Hy het haar man ook deur die dood weggeneem. Sy het net soos Naomi ook nie seuns nie. Die Here het haar verder ook leeggemaak van 'n verlange terug na haar mense en land en gode toe. En deur die kragtige werk van die Heilige Gees kon sy met 'n eed belowe dat sy getrou sou bly aan die Here. Ondanks al die gekla van Naomi en die donker prentjie wat sy geteken het, het die Here Rut se hart volgemaak met sy liefde sodat sy beslis kon besluit om enduit die pad met Hom te gaan.

Toe hulle in Betlehem aankom, was daar groot vreugde onder vroue. Hulle was bly oor die oes wat die Here gegee het. Hulle was bly oor Naomi wat na so 'n lank tyd weer terug is by hulle. Orals was daar blydschap en vreugde behalwe in Naomi se hart. Sy was so verbitterd dat sy selfs haar naam na Mara wou laat verander, **want die Almagtige het my baie bitterheid aangedoen.**

En dan eindig hierdie hoofstuk met dié woorde: **en hulle het in Betlehem gekom in die begin van die gars-oes.** Met hierdie woorde wil die Heilige Gees ons laat verstaan dat die verhaal van Rut en Naomi nog nie klaar is nie. Die hoofstuk begin met 'n leegheid, hongersnood, en eindig met 'n oorvloed. Sal die Here dit vir Naomi ook weer oorvloedig maak? En hoe sal Hy dit doen, want sy en Rut is weduwees en Rut is boonop nog 'n Moabiet.

Geliefdes, in die nalees en oordink van hierdie hoofstuk, is daar nog twee dinge wat 'n mens tref. Die eerste is aan die begin van die hoofstuk. Hongersnood het nie net veroorsaak dat Elemeleg-hulle verhuis het nie. In die geskiedenis het dit ook gebeur. Abraham het ook weens hongersnood uit die beloofde land na Egipte gegaan. Maar die Here het hom teruggebring en Hy het sy verbond met Abraham gesluit, waarin Hy sê dat Hy, die Almagtige – dit is dieselfde Naam wat Naomi van die Here noem – sy God sal wees.

Abraham was net soos Rut 'n vreemdeling in die beloofde land. Hy het alles wat bekend is agtergelaat om in die beloofde land te gaan woon. En die HERE van die verbond het aan Sara belowe dat sy in haar ouderdom 'n seun sou hê. Sou die Here dit aan Naomi en Rut ook doen? Hy is immers nog dieselfde God, die Almagtige.

Rut se geloof staan net soos Abraham se geloof in die Here uit. In Hebreërs 11 lees ons: **Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek ... en Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom.**

Maar luister hoe kragtig het die genade en die liefde van die Here vir Rut na Hom toe getrek. Sy het nie 'n stem gehoor wat haar geroep het nie, maar 'n stem wat haar eerder aangesê het om in Moab te bly. En tog het Rut saamgegaan, want soos Abraham het sy deur die Heilige Gees **uitgesien na die stad wat vaste fundamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is.** Die Verlosser van Israel het met sy beloftes Rut na Israel toe getrek.

Maar daar is nog een treffende woord wat ons nie mag ignoreer nie. Ons lees dit in vers 22: **So het Naomi dan teruggekeer en Rut, die Moabitiese, haar skoondogter wat saam met haar uit die veld van Moab teruggekom het.** Dat daar gesê word dat Naomi teruggekeer het, verstaan ons, want sy het van Betlehem af gekom. Sy het beslis teruggekom. Maar nou word daar van Rut ook gesê dat sy teruggekom het uit die veld van Moab. Die Here sê dit, want Hy het vir Rut uitgekies en nou het Hy haar teruggebring na Hom toe. Hy het haar uitgekies en teruggebring, want deur haar wil Hy weer vir Israel volmaak soos wat Hy vir Rut volgemaak het met sy liefde en genade.

En die Here het vir Israel volgemaak deur Rut. Uit haar is later koning Dawid gebore, die man na God se hart. Maar uiteindelik het die Here nie net vir Israel in die oog nie, maar die hele wêreld. Hy wil die hele wêreld volmaak met sy liefde en genade. En Hy het dit ook al begin doen. Uit Rut uit is ons Verlosser Jesus Christus gebore. Die HERE het Betlehem destyds leeggemaak sodat Hy dit op sy bestemde tyd kon volmaak met die brood uit die hemel, met sy Seun. En elkeen wat van hierdie brood eet sal in der ewigheid nooit weer honger word nie.

Deur sy Gees en Woord maak die Here ons leeg van al die dinge wat ons van Hom vervreem. En Hy maak ons vol met die weldade van Jesus Christus sodat ons ook kan terugkom na ons Vader se huis.

Broers, susters en kinders, daar is vir seker nog dinge in ons lewe wat ons van die Here vervreem. Daar was 'n klomp dinge wat Naomi van die Here vervreem het. Maar die Here het haar leeggemaak van alles sodat Hy haar uiteindelik kon volmaak – oorvloedig vol. Deur ons keuses, of hulle goed of sleg is, sal die Here ons ook leegmaak van die dinge wat keer dat ons Hom met oorgawe kan dien. En ja, die leegmaakproses kan drasties en seer wees, soos wat dit vir Naomi was. Maar Hy doen dit om ons vol te maak met sy liefde en genade sodat Hy tot in alle ewigheid al die eer kan kry deur ons na Hom toe terug te bring.

Selfs deur ons krom en dom besluite deur voer die Here sy plan met ons uit. Daarom kan ons ook in tye wanneer ons vra, maar wat maak ek nou eintlik hier, ons oë hou op die beloftes van die Here. Hy sal dit vervul, net soos wat Hy dit aan Abraham en Rut gedoen het.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 3-1:1, 2 (51:1, 2)

- 1 Die volk wat in die donker wandel, / oor hulle het 'n lig geskyn;
Die Christus, Lig oor alle lande, / laat angs en duisternis verdwyn!
U het die volk vermenigvuldig; / hul vreugde het U groot gemaak.
Soos in die oestyd juig hul vrolik / waar hul mét U oorwinning smaak.
- 2 Die juk wat swaar op ons gedruk het, / het U met wondermag verbreek.
Die vyande wat ons verskrik het, / verdwyn wanneer u almag spreek:
'n Kind is vir u volk gebore, / 'n Seun het U aan ons gegee –
Die heerskappy is op sy skouer, / met mag en eer is Hy bekleed.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.
Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
11 September 2011